

# St. Januarius

## 19 September

(4de Eeu)

Die moderne mens staan nogal skepties teenoor wonderwerke. Ook die Kerk gaan versigtig te werk om seker te maak dat mense se goedgelowigheid nie uitgebuit word nie. Oor die lewe van die heilige Januarius is min bekend. Hy was waarskynlik biskop van Benevento wat rondom 320 die marteldood gesterf het. Wel is hy al eeuelank baie bekend oor die jaarlikse wonderwerk wat op sy feesdag plaasvind: sy gestolde bloed wat in 'n reliekhouer bewaar word, vloei telkens weer op sy fees. Net soos sy marteldood mense destyds oor die geloof laat nadink het, lei hierdie jaarlikse wonderwerk daartoe dat gelowige mense nadink oor God en sy wondere.

© Die Oratorium Uitgewery